H. RIDDERBOS, *Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift*. Kampen. 1955.

Die ondertitel van hierdie werk, *Het Gezag van het Nieuwe Testament*, weerspieël heel duidelik die inhoud daarvan. Dit is 'n verhandeling van die hand van 'n bekende en bekwame teoloog van die kanonisiteit en kanongeskiedenis van die Nuwe Testament.

Die skrywer stel á priori dat nie die vrye wetenskaplike ondersoek nie, maar die dogma soos in art. 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uitgedruk, in laaste instansie vasstel wat dat kanoniek is en wat nie. Die outeur wat die gereformeerde inspirasieleer voorstaan, veroordeel daarom Luther en die teenswoordige Lutherane se vryheid van spraak ten opsigte van die kanonisiteit van sommige boeke van die Nuwe Testament.

Maar netso min as die vrye wetenskaplike ondersoek se methode stel die dogmatiese antwoord die skrywer se vraag na die kanonisiteit tevrede. Hy stel daarom die vraag aan 'n nuwe grootheid, dié van die verband tussen heilsgeskiedenis en kanon. Hy ondersoek daarvoor die agtergrond waarteen die Nuwe Testament gestalte aanneem en daardie gestalte self.

Die eerste stap in die wisselwerking van hierdie twee groothede van heilsgeskiedenis en die gesagvolle oorlewering van die heilsgebeure is 'n stap op die weg van kanonvorming. En dit vind die outeur in die apostolaat wat sy gesag van Christus self ontvang. Daaruit vloei voort die verdere kanonvorming, t.w. die oorlewering, sy dit ook mondeling, van die leer van die apostels. Reeds hierin lê die bedoeling duidelik dat die oorlewering skriftelik vasgelê moet word. Die outeur sien bewys vir hierdie stelling in I Kor. 15:1, Gal. 2:5 en Luk. 1:1-4.

In die aanvaarding van die geskrifte van die Nuwe Testament as kanon, meen die outeur, het die Kerk gehandel in ooreenstemming met die bedoeling en die opdrag van Christus self aan sy apostels. Die Kerk kan nie vir homself 'n norm instel nie, hy moet dit ontvang.

Die opdrag van Christus aan die apostels was eenmalig en afdoende. Daarom is ook die kanon afdoende en geslote. Om so te wees en so te geld, kan die kanon nie anders as skriftelik gefikseer wees nie . . . 'n hoogsnodige voorbehoud, gesien die stroom van apokriefe wat onmiddellik op die nutestamentiese geskrifte volg. So gesien maak die kanon presies die onderskeid tussen apostoliese gemeente en biskoplike kerk, tussen tyd van grondlegging en tyd van opbou.

Die skrywer stel hom skerp teenoor die standpunt wat die kanonisiteit van die N.T. wil reduseer tot 'n bepaalde kernprediking of 'n „kanon in die kanon." Hy bedoel onder hierdie stroming klaarblyklik die Entmythologisierung van Bultmann en enige tydshistoriese relativering van gedeeltes van die N.T.

Die inhoud van die kanon onderskei die skrywer dan in kerugma van die heilshistorie, die betuiging daarvan deur die nutestamentiese getuies en die leer of gesagvolle voorskrif daarin vervat.

Die diskussie wat Ridderbos hier op die gereformeerde erf met moedigheid open, is al geruime tyd aangesny deur Kümmel, Cullman, Berkhof e.a. Ek oordeel dat sy werk, so nie in alle dele nuut en ook oortuigend nie, 'n positiewe bydrae tot hierdie aktuele diskussie bied.

A. S. GEYSER.